TONI VAN ZYL
Financial Services / Finansiële Dienste
CC/BK 97/20955/23 FSP 181
Tax Practitioner / Belastingpraktyk nr: PR-FC816B3
VAT / BTW 4450165438

21 Boundary Road,
Gordon's Bay, 7140

☎ 021 856 2100/40
021 856 4581
tonis@yebo.co.za

Independent financial service providers whom you can depend on
Onafhanklike finansiële diensteverskaffers op wie u kan staatmaak

Financial-, Estate- & Retirement Planning / Short Term Insurance / Budget Planning
Finansiële-, Boedel- & Aftreebeplanning / Korttermynversekering / Begrotingsbeplanning

Geagte Kliënte en Assosiate Desember 2012

In die Algemeen

2012 is besig om verby te snel. Ons is dankbaar vir julle ondersteuning en vertroue en die verwysings wat deurgegee is. Dit word opreg waardeer en word ook aangemoedig vir die toekoms. Baie welkom aan die nuwe kliënte - ons vertrou ons sal dieselfde waardes kan toevoeg en verhoudings kan handhaaf as met ons gevestigde kliënte en ons sien uit na 'n langtermyn werksverhouding.

Hierdie jaar het daar spesifiek baie jongmense, meestal bestaande kliënte se kinders, by ons aangesluit. Ons dink terug met sentiment hoe julle nog baie klein was of van julle nie eers gebore nie toe ons julle ouers ontmoet het.

Ons het nie hierdie jaar kliënte wat aftree gehad nie, maar wel geforseerde afleggings en ook beroepsveranderinge. Ons wil julle almal sterkte toewens en voorspoed met die nuwe uitdaging.

Baie dankie vir die kliënte wat ons vertrou het om hul aftreegeld in die toekoms te bestuur. Ons is bevoorreg dat 100% van almal vir wie ons voorleggings gedoen het hul geld by ons belê het. Dankie ook vir al die kliënte se mooi e-posse, oproepe en boodskappe wat ons bedank vir ons professionele diens.

Dit is belangrik dat ons kliënte se portefeuljes ten minste een keer per jaar hersien. Ons is toegewyd om die afsprake na te kom - sorg asb. dat julle die tyd maak daarvoor. Bevestig ook enige veranderinge in julle persoonlike omstandighede sodat ons die nodige kan doen.

Geluk aan die studente wat hul studies suksesvol voltooi het en sterkte en voorspoed met die soek na werksgeleenthede. Vir die van julle wat nog nie 'n werksaanbod ontvang het nie, stuur julle CV's vir ons sodat ons kan kyk of ons dit moontlik na potensiële werkgewers kan stuur.

Inspirasie

Henk Henn is al die afgelope 35 jaar betrokke by die NSRI en die aflope 25 jaar die stasiebevelvoerder. Hy is ook betrokke by verskeie ander organisasies ten spyte van 'n ernstige hartaanval einde 2011 en mediese probleme. Hy bly steeds betrokke sonder enige vergoeding. Henk, jy is 'n inspirasie vir ons almal.

Hartseer

Ongelukkig het van ons kliënte ernstige siektes of ongelukke gehad die afgelope jaar. Ons wens julle alle beterskap toe.

Ongelukkig het ons ook kliënte aan die dood afgestaan. Ons dink spesifiek aan Darrol Martin en sy gesin hierdie feestyd wat vir Nicolette in ‘n tragiese motorongeluk verloor het.

Hersiening

Ons beleid is, en die wet vereis ook, om vir elke kliënt ‘n volledige finansiële behoefte ontleding doen en vir elke beleggingskliënt ‘n volledige beleggingsverslag op te stel. Dit moet halfjaarliks of jaarliks hersien word. Ons stel slegs bogenoemde ter syde met skriftelike toestemming van kliënte.

Terugblik op 2012

Dankie aan Masthead, die grootste netwerk van onafhanklike makelaars – ons het intensief met Anzel, die praktykbestuurder, en Herman, ons voldoeningsbeampte gewerk. Ons is trots en spog met ons praktyk se besigheidsverslag van 91% teenoor die gemiddelde praktyk van 65%. Ons is spesifiek trots op die “Kliënte tevredenheid” wat met 6% gestyg het van 85% na 91%. Ons streef voortdurend om die kliënte tevredenheid nog te verbeter en verwelkom en moedig julle graag aan om ons te nader met enige voorstelle hoe om ons diens verder te verbeter.

Belastingaanslae

Die belasting het hierdie jaar, met enkele uitsonderings, vlot verloop. Ons moet beklemtoon dat ons finansiële diensteverskaffers/ beplanners is en alhoewel ons ook geregistreerde belastingpraktisyns is, is dit nie ons fokus area nie en doen ons slegs vir bestaande kliënte hulle belasting as ‘n addisionele diens.

SARS was uitsonderlik streng met die mediese eise hierdie jaar. Die belastingsertifikaat van die mediese fonds word nie meer alleenlik aanvaar as bewys nie. Die rekeninge en bewys van betalings moet ook gehou word vir 5 jaar. Die belastingsertifikaat dui slegs aan die bedrag wat nie deur die fonds gedek is nie, dit bewys nie dis self deur die lid betaal nie. Slegs voorgeskrewe medisyne word erken as ‘n mediese uitgawe en nie standaard oor die toonbank medisyne nie.

Studies/ Regulerings eksamens

Ons het al die nodige reguleringseksamens suksesvol voltooi.

Beleggings/ welvaartskepping

2012 is gekenmerk deur beter aandeleprestasies en laer rentekoerse. Antoni het met die hulp van fondsbestuurders en produkverskaffers spesifieke modelle gebou vir elke kliënt se risikoprofiel. Dankie vir julle hulp en die ure daaraan bestee. Ons portefeuljes het as volg presteer:

Konserwatief: 11% Versigtig: 12,2% Matig: 13,7% Matig aggressief: 16,6%

Ons is trots op ons beleggings se fondsprestasies en dankbaar vir al die kliënte se positiewe terugvoering. Ons wil ook ons konsultante by die onderskeie maatskappye bedank vir al hulle harde werk en bystand.

Kantoor

Gedurende 2012 het ons van kantore geskuif. Die vorige kantoor het te klein geraak en nadat ons verskeie opsies oorweeg het in die Helderberg streek, het ‘n kliënt, Wouter Redelinghuys, hul huis te Boundary Weg 21, Gordonsbaai vir ons te koop aangebied. Dit is ook waar hulle besigheid, Sisonke Maintainance vir baie jare bestuur is en waar ons hulle vir die eerste keer besoek het vir ‘n pensioenfonds vir hul werkers. Alhoewel ons nog verbeteringe wil doen is ons nou gevestig en nooi julle hartlik uit om ons te besoek.

Boedels/ testamente

Dankie aan Werner Greeff en almal by Visagie, Vos & Vennote vir julle professionele dienste, spesifiek met die afhandeling van die boedels. Ons is dankbaar dat julle op ‘n Maandag tussen vakansiedae ons gehelp het met ‘n onverwagte sterfte. Die persoonlike diens word hoog op prys gestel.

Ons wil ook in besonder dankie sê aan Petri Lourens, ‘n regsadviseur by Ou Mutual vir sy kundigheid en goeie diens ten opsigte van boedels en boedelbelasting.

2013 vooruitsigte

Ons webtuiste sal gevestig word. As gevolg van onvoorsiene vertragings kon ons dit nie afhandel in 2012 soos voorheen beplan nie.

Modelle, ontledingsprogramme en kliënte bestuursstelsels word voortdurend opgradeer om beter waarde aan ons kliënte toe te voeg.

Ons is volgende jaar 20 jaar in die bedryf en is dankbaar dat ons praktyk steeds jaarliks groei ten spyte van al die veranderinge en nuwe wetgewings. Ons kon dit beslis nie sonder julle hulp gedoen het nie en wil almal bedank vir julle bydraes.

Korttermynversekering

Ons is bewus daarvan dat kliënte dikwels genader word met beloftes van goedkoper premies en beter dekking van direkte bemarkers. Ons wil benadruk dat elke kliënt persoonlike diens van ons ontvang. Ons eerste prioriteit is altyd om seker te maak dat die kliënt voldoende dekking het. Ons gebruik dus van erkende produkverskaffers met uitstekende statistieke in terme van eise. Ons doen deeglike navorsing voordat ons enige produk en produkverskaffers goedkeur. Ons het juis onlangs ‘n nuwe korttermynvennoot bygekry en moedig julle asb. aan om ons te nader vir premie vergelykings.

Maak asb. seker dat julle elke jaar julle polisse nagaan om seker te maak julle is genoegsaam verseker. Motors se versekerde bedrae moet verminder en al julle ander besittings behoort vir vervangingswaarde verseker te wees. Maak seker waardevolle items is verseker en dat julle nie onderverseker is nie. Vir eise skakel die maatskappye direk of kontak vir Elmarie by ons kantoor.

Vir navrae tydens die Kerstyd wanneer ons kantore gesluit is:

Mutual & Federal kliënte	Tel: 021-401 6911 (Eise)
	Tel: 0860 637 373 (Navrae)
Santam	Tel: 0861 101 319 (Alle navrae en wysigings)
(administrateer deur Attooh)	Tel: 0860 122 334 (Alle eise en navrae aangaande eise)
Auto & General	Tel: 021-527 8666

Persoonlik

Hannes Borman (Borries) gaan in 2013 op semi-aftrede. Baie sterkte met hierdie fase in jou lewe en baie dankie vir al die jare se toewyding en diens. Dit is ‘n voorreg om vir soveel jare saam te kon werk en ons sien uit na die tyd wat voorlê. Welkom aan sy kliënte in ons praktyk en ons sien uit om julle te ontmoet. Ons vertrou julle sal maklik by ons kantoor inskakel en ons sal ‘n goeie langtermyn professionele besigheidsverhouding ophou.

Antoni het ‘n suksesvole heupvervanging ondergaan einde laas jaar. Die eerste kleinkind word ook in Januarie verwag en ons is almal baie opgewonde. Janneri gaan dus op kraamverlof wees vanaf middel Januarie tot begin April. Elmarie moet baie aande werk en haar kantoorure is as gevolg daarvan aangepas vanaf 11:00 – 16:00, maar tydens Janneri se kraamverlof sal sy die volle werksdag beskikbaar wees.

Ons sien uit na die blaaskansie om ons batterye te herlaai vir positiewe energie in 2013.
Ons kantore sal gesluit wees vanaf 24 Desember 2012 en ons heropen op 7 Januarie 2013.

‘n Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwejaar vir almal!

Baie groete
Van ons almal by Toni van Zyl Finansiële Dienste